# IMPLEMENTERING VAN CHRISTELIK-NASIONALE ONDERWYSBEGINSELS IN SUID-AFRIKA NA AANLEIDING VAN WETTE 39/67 EN 73/69

SAREL JACOB DU PLESSIS B. Com., M. Ed.

Proefskrif voorgelê ter voldoening aan die vereistes vir die graad

DOCTOR EDUCATIONIS

aan die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

Desember 1974

Wie het ek buiten U in die hemel?
Buiten U begeer ek ook niks op die aarde nie.
(Ps. 73:25)

Laat die woorde van my mond
en die oordenking van my hart
welbehaaglik wees voor u aangesig,
o Here, my rots en my verlosser!
(Ps. 19:15)

VOORWOORD

,,My God en Vader, ek dank U vir U buitengewone genade waardeur ek in staat gestel is om hierdie werkie te voltooi. Ek dank U vir die boodskap aan my toevertrou. Vergewe my waar ek in my nietigheid gefaal het of nie U boodskap reg verstaan het nie. Ek bid maar net dat hierdie werkie sy beskeie bydrae mag lewer tot die uitbreiding van U koninkryk op aarde.

O God, ek is so bly
Dat ek ook eenmaal
Soos 'n blinkwit blom
Vir een sekonde van die ewigheid
U groot en heilig doel kon dien!"

Daar is so baie persone aan wie ek dank verskuldig is dat ek maar net kan sê: ,,BAIE DANKIE AAN U ALMAL!" Ek wil net twee uitsonderings maak:

Eerstens, my innige dank aan Prof. Dr. B.C Schutte wat vir my meer as 'n promotor was. Sy vaderlike hulp en leiding word innig gewaar=deer.

Tweedens, my innige dank aan my gestorwe vriend, mnr. G.W.T. Oost=huizen, in lewe hoof van die Taalburo van die S.A.S en H., vir die taal=kundige versorging van hierdie werkstuk en die hulp om my te laat sê wat ek wou sê. Hy is onverwags deur sy Vader opgeroep terwyl hy nog druk be=sig was in die diens van God en medemens. Hy was 'n groot kerkman, volksman, wetenskaplike en mens.

Discovery
Desember 1974

OPSOMMING

IMPLEMENTERING VAN CHRISTELIK-NASIONALE ONDERWYSBEGINSELS IN SUID-AFRIKA NA AANLEIDING VAN WETTE 39/67 EN 73/69

In Suid-Afrika word dikwels van Afrikaanssprekende kant beweer dat die onderwys Christelik-nasionaal of Christelik en nasionaal is. Die Christelik-nasionaal gesinde ouer is geregtig op onderwys wat volslae Christelik-nasionaal is vir sy kind. Hierdie werkstuk is 'n ondersoek na die mate waarin Christelik-nasionale onderwysbeginsels reeds in Suid-Afrika geïmplementeer is en wat nog gedoen behoort te word, soos van Christelik-nasionale kant beoordeel, om uitvoering te gee aan Wet 39/67 soos gewysig by Wet 73/69.

Dis vooraf nodig om vas te stel wat Christelik-nasionale onderwys behoort te wees as die Bybel en beskikbare werke in die Opvoedkunde en Wysbegeerte , wat hieroor handel, geraadpleeg word. Om dit te doen is 'n studie in hierdie verband onderneem. Daar is tegelyk ook ondersoek ingestel na baie ander opvattinge wat invloed op die wêreld van die opvoeding uitoefen ten einde vas te stel wat inpas by Christelik-nasionale onderwysbeginsels en wat nie. Deel I van hierdie werkstuk is dan 'n beknopte weergawe van die hoofmomente van die Christelik-nasionale Opvoedkunde.

In deel II is die volgende gedoen:

1. 'n Historiese ondersoek is onderneem. Daarin is vasgestel watter aspekte van Christelik-nasionale onderwys reeds deur wetgewing geïmplementeer of verwyder is.

2. Ten einde die huidige toedrag van sake vas te stel is gebruik gemaak van 'n vraelys. Die resultate verkry toon aan dat sekere Christelik-nasionale onderwysbeginsels wel in 'n mate in die onderwys voorkom, maar dat dit verskil van skool tot skool, en ook dat daar nog baie gedoen moet word om hierdie beginsels volledig te implementeer.

3. In die laaste hoofstuk word aanbevelings gedoen. Die belangrikste hiervan is:

* Differensiasie volgens geloofsoortuiging sodat die Christelik-nasionale kind volslae Christelik-nasionale onderwys kan ontvang.

* Integrasie van Bybelse beginsels in alles wat die Christelik-nasionale skoolkind leer of doen.

* Verdere studie in verband met Christelik-nasionale onderwys.

('n Opsomming in meer besonderhede is na die laaste bladsy aangeheg).

SUMMARY

IMPLEMENTATION OF CHRISTIAN NATIONAL EDUCATIONAL PRINCIPLES IN SOUTH AFRICA IN CONSEQUENCE OF ACTS 39/67 AND 73/69

Afrikaans-speaking people often claim that the education in South Africa is Christian national or Christian and national. Christian national inclined parents are entitled to complete Christian national education for their children. This thesis is an inquiry into the degree in which Christian national principles are already implemented in South Africa and what must still be done to comply with Acts 39/67 and 73/69.

It is necessary in advance to ascertain what Christian national education must be if the Bible and available relevant sources in the principles of education and philosophy are consulted. A study covering this subject was conducted. At the same time an inquiry was made into a variety of doctrines which influence the world educational scene, to ascertain if their teachings fit in with Christian national education or not. Part I of this thesis is a concise interpretation of the main principles of Christian national education.

In part II the following is done:

1. An historical inquiry into the aspects of Christian national education already implemented or removed by legislation.

2. To evaluate the present state of affairs an empirical inquiry by way of a questionnaire was conducted. The results of this indicate that certain Christian national principles are evident to a degree, but differ from school to school, while in most cases much must still be done to implement Christian national principles completely.

3. The last chapter deals with recommendations. The most important of these are:

* Differentiation according to religious convictions in order to make it possible for children of Christian national parents to have complete Christian national education.

* Integration of Bible principles with everything the Christian national pupil learns or does.

* More study and research concerning Christian national education.

(A more detailed abstract is attached to the back cover).

BLADWYSER


Voorwoord - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - (i)

Opsommings: Afrikaans - - - - - - - - - - - - - - - - - - - (ii)

Engels - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - (iii)

Enkele opmerkings vooraf - - - - - - - - - - - - - - - - - - (xvi)

HOOFSTUK I PROBLEEMSTELLING - - - - - - - - - - - - - - - - - 1

1. Ter oriëntering - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 1

2. Die onwrikbaarheid van die Goddelike wil - - - - - - - - - - 2

3. Die opvoedingskrisis in die nie-Christelike wêreld - - - - - 3

(a) Bestaan daarwerklik 'n opvoedingskrisis? - - - - - - - - 3

(b) Is die Christelike opvattinge uitgedien? - - - - - - - - 5

(c) Moet die opvoeder enige waardes oordra? - - - - - - - - - 7

(d) Welke waardes moet oorgedra word? - - - - - - - - - - - - 8

(e) Voorbeeld van die verwarde toestande in sekere Suid-Afrikaanse kringe - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 8

(f) Voorbeelde van wat Nederlandse skrywers oor die krisis in die opvoeding te sê het - - - - - - - - - - - - - - - - 9

4. Besondere probleme wat sigbaar word in die hedendaagse lewensopvattinge - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 9

(a) Die probleem van begrippe - - - - - - - - - - - - - - - 9

(b) Die probleem van wetenskaplikheid - - - - - - - - - - - 10

(c) Die probleem van die skeppingsbeeld - - - - - - - - - - 10

(d) Die probleem van die mensbeeld - - - - - - - - - - - - 10

(e) Die probleem van relasies - - - - - - - - - - - - - - - 11

(f) Die probleem van waardes - - - - - - - - - - - - - - - 11

(g) Die probleem van vryheid, emansipasie, gesag, dissipline en selfbeheersing - - - - - - - - - - - - - - - - - 12

(h) Die probleem van verantwoordelikheid - - - - - - - - - 12

(i) Die probleem van die verloop van die opvoedingsgebeure - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 13

(j) Die probleem van die sin van die opvoeding - - - - - - 13

5. Die Christelike opvoeding bied die enigste oplossing vir die opvoedingskrisis - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 13

(a) Wat is Christelike opvoeding? - - - - - - - - - - - - - 13

(b) Motivering van die Calvinistiese standpunt - - - - - - 14

6. Programaankondiging - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 15

DEEL I HOOFMOMENTE VAN DIE CHRISTELIK-NASIONALE OPVOEDKUNDE ---- 16

HOOFSTUK II BEGRIPSOMSKRYWINGS ---- 16

1. Die noodsaaklikheid van noukeurige begripsomskrywings ---- 16
2. Leer ---- 17
3. Onderwys ---- 18
4. Opleiding ---- 20
5. Opvoeding ---- 20
   (a) Inleiding ---- 20
   (b) Wat is nou eintlik opvoeding? ---- 20
   (c) Watter kriteria moet aangewend word om te bepaal of 'n sekere handeling opvoeding is? ---- 22
   (d) Wat is die doel van die opvoeding? ---- 22
   (e) Is die opvoeding noodsaaklik en waardevol? ---- 23
   (f) Is die opvoeding moontlik, en indien wel, waartoe is dit in staat? ---- 23
   (g) Wie is die deelnemers aan die opvoedingsgebeure? ---- 23
   (h) Wat gebeur alles as opvoeding plaasvind? ---- 25
   (i) Teen watter agtergrond vind opvoeding plaas? ---- 26
   (j) Watter sin maak die opvoeding? ---- 27
   (k) Wat is Christelik-nasionale opvoeding? ---- 28
   (l) Is daar ander ware opvoedingsvorms buite die Christelik-nasionale moontlik? ---- 28
   (m) Slotopmerking ---- 29
6. Opvoedende onderwys ---- 29
7. Vorming ---- 33
8. Gewoontevorming ---- 34

HOOFSTUK III VERTREKPUNT VIR DIE CHRISTELIKE OPVOEDKUNDE ---- 35

1. Inleiding ---- 35
2. Die mens is die belangrikste skepsel op aarde ---- 35
3. Die mens is 'n religieuse wese ---- 36
   (a) Die totaliteitsbelewing ---- 36
   (b) Normbesef ---- 37
   (c) Betrokkenheid op 'n hoër mag ---- 37
   (d) Die verlossingsbehoefte ---- 37
   (e) Lewensleiding ---- 38
4. Godsdiens is deel van die daaglikse lewe ---- 38
5. Buite God om is daar geen oplossing vir vraagstukke ---- 39
6. Die Archimedespunt in die Opvoedkunde ---- 40

7. Geloof en openbaring - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 41
8. Waardeopvattinge - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 43
9. Hiernoumaals en hiernamaals - - - - - - - - - - - - - - - - 45
10. Soewereiniteit van die Opvoedkunde - - - - - - - - - - - - 45
11. Die opvoedingsverskynsel as vertrekpunt - - - - - - - - - - 46
12. Gevolgtrekking - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 46

HOOFSTUK IV WETENSKAP IN DIE ALGEMEEN EN OPVOEDKUNDE IN DIE BESONDER - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 48

1. Die begrip wetenskap - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 48
2. Die religieuse grondmotief van alle wetenskap - - - - - - - 49
3. Hoe die mens tot kennis van die werklikheid kom - - - - - - 51
4. Soewereiniteit in eie kring - - - - - - - - - - - - - - - - 52
5. Konserwatisme en progressiwiteit - - - - - - - - - - - - - 53
6. Voor- en nawetenskap - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 54
7. „Neutrale" wetenskap - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 55
8. Grense aan die wetenskapsbeoefening gestel - - - - - - - - 57
9. Die rol van die geloof in die wetenskap - - - - - - - - - - 59
10. „Voorsetselpedagogiek" en „voorsetselwetenskap" in die algemeen - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 60
11. 'n Kompromis tussen Christelike en humanistiese wetenskap - 62
12. Slotsom - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 63

HOOFSTUK V SEKERE OPVATTINGE WAT GEVAARLIK VIR CHRISTELIK-NASIONALE ONDERWYS IS - - - - - - - - - - - - - 65

1. Inleiding - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 65
2. Onvolledige gebruik van die Skrif - - - - - - - - - - - - - 65
3. Afvalligheid van God en sy Woord - - - - - - - - - - - - - 66
4. Die horisontale vlak - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 67
5. Antroposentrisme en Humanisme - - - - - - - - - - - - - - - 68
6. Materialisme en Naturalisme - - - - - - - - - - - - - - - - 71
7. Die Fenomenisme - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 73
   (a) Kerngedagtes - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 73
   (b) Implementering van die fenomenistiese opvattinge - - - - 75
8. Demokrasie - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 78
9. Neutraliteit - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 78
10. Volwassenheid as opvoedingsdoel - - - - - - - - - - - - - - 79
   (a) Wat is volwassenheid? - - - - - - - - - - - - - - - - - 80
   (b) Kan volwassenheid as opvoedingsdoel aanvaar word? - - - 81

11. Tradisies - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 81
12. Samevatting - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 82
HOOFSTUK VI GRONDBEELDE VIR 'N CHRISTELIK-NASIONALE OPVOEDING - 83
1. Inleiding - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 83
2. Eenheidsbeeld in die Skrif - - - - - - - - - - - - - - - - - 83
3. Die Godsbeeld - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 84
(a) Openbaring in Skriftuur en natuur - - - - - - - - - - - - 84
(b) God die skepper - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 84
(c) Die selfgenoegsaamheid van God - - - - - - - - - - - - - 85
(d) Die soewereiniteit van God - - - - - - - - - - - - - - - 85
(e) Die vaderskap van God - - - - - - - - - - - - - - - - - - 85
(f) God is die lig van die lewe, die beskermer en onderhouer van die ganse kosmos - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 86
(g) Die alomteenwoordigheid van God - - - - - - - - - - - - - 86
(h) Die almag en wondere van God - - - - - - - - - - - - - - 87
(i) Die vleeswording van Christus - - - - - - - - - - - - - 88
(j) Verlossing van sonde - - - - - - - - - - - - - - - - - - 89
(k) Lof en eer van God - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 90
(l) Die heidense Godsbeeld - - - - - - - - - - - - - - - - - 90
4. Die skeppingsbeeld - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 90
(a) Skepping en werklikheid - - - - - - - - - - - - - - - - - 90
(b) Die skeppingsmotief - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 91
(c) Die skepping is die skepping van God - - - - - - - - - - 92
(d) Die skepping volgens Gen. 1 - - - - - - - - - - - - - - - 92
(e) Skeppings- en wêreldbeeld - - - - - - - - - - - - - - - - 93
(f) Skeppingsbeeld en evolusie - - - - - - - - - - - - - - - 93
5. Die mensbeeld - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 94
(a) Grondvrae in die studie van die mens - - - - - - - - - - 94
(b) Oorsprong van die mens - - - - - - - - - - - - - - - - - 94
(c) Posisie van die mens tussen engel en dier - - - - - - - - 94
(d) Die mens se liggaam en siel - - - - - - - - - - - - - - - 95
(e) Roeping van die mens - - - - - - - - - - - - - - - - - - 95
(f) Adam, die mens - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 96
(g) Betrokkenheid op 'n hoër mag - - - - - - - - - - - - - - 97
(h) Die sondeval - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 97
(i) Verlossing van sonde - - - - - - - - - - - - - - - - - - 98
(j) Die universele verbond - - - - - - - - - - - - - - - - - 99
(k) Verhoudings waarin die individu verstaan word - - - - - - 99

(l) Die Christelike organismiese beskouing oor die gemeenskap - - - 100
(m) Soewereiniteit van die mens - - - 100
(n) Die mens as etiese wese - - - 101
(o) Die norm van die wet - - - 102
(p) Totaliteit en koninkryk - - - 102
(q) Die tydelike en die ewige in die orde van mensebestaan - 102
(r) Die mens en werklikheid - - - 103
(s) Die mens en die openbaring - - - 103
(t) Die mens en verdringing - - - 103
(u) Die mens en vervanging - - - 103
(v) Die differensiëring in volke - - - 104
(w) Die Griekse mensbeeld - - - 104
(x) Die ware mensbeeld - - - 105

HOOFSTUK VII RELASIES IN DIE OPVOEDING - - - 106

1. Inleiding - - - 106
2. Begronding van die relasies - - - 106
3. Die eerste relasie: God en die skepping - - - 107
4. Die tweede relasie: God en die mens - - - 108
(a) Godsbesef van die mens - - - 108
(b) Die sonde doen afbreuk aan die verhouding tussen God en die mens - - - 108
(c) Kennis van God lei tot selfkennis - - - 108
(d) Die eerste vier gebooie - - - 109
(e) Ander wette, veral dié deur Moses oorgedra - - - 110
(f) Die veilige ruimte - - - 110
(g) God en sy gemeente op aarde - - - 110
(h) Die mens as boodskapper van God - - - 110
(i) Ruimtelike voorstelling - - - 111
5. Die derde relasie: Die mens en die skepping - - - 111
6. Die vierde relasie: Die mens en sy medemens - - - 112
7. Die vyfde relasie: Tussen die mens en homself - - - 113
8. Driehoeksverhoudinge - - - 114
(a) God-mens-medemens - - - 114
(b) God-mens-skepping - - - 115
(c) Bybelse verwysings na die liefde - - - 116
(d) Die liefde is nie net emosie nie - - - 116
9. Die vierhoeksverhouding - - - 117
10. Toepassings in die opvoeding - - - 118

11. Samevatting - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 118
HOOFSTUK VIII DIE DOEL VAN DIE OPVOEDING - - - - - - - - - - - - 119
1. Inleiding - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 119
2. Die einddoel van die Christelike opvoeding - - - - - - - - - - 120
(a) Oorsprong van die genoemde einddoel - - - - - - - - - - - 120
(b) Die roeping van die mens - - - - - - - - - - - - - - - - - 121
(c) Die mens se begeerte na God - - - - - - - - - - - - - - - 121
(d) Die wil van God - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 121
(e) Die mens as boodskapper - - - - - - - - - - - - - - - - - 122
(f) Redding van die siel - - - - - - - - - - - - - - - - - - 123
(g) Verantwoordelikheid - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 123
(h) Voorbeelde van die nastrewing van die einddoel - - - - - - 124
(i) Hoe kom God tot sy eer en reg? - - - - - - - - - - - - - - 124
3. Ondergeskikte doelstellings - - - - - - - - - - - - - - - - - 125
(a) Die verband tussen die einddoel en ondergeskikte doel= stellings - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 125
(b) Kennis bybring - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 127
(c) Groei en ontwikkeling - - - - - - - - - - - - - - - - - - 127
(d) Die etiese doel - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 128
(e) Die estetiese doel - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 129
(f) Die kulturele doel - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 129
(g) Die sosiale doel - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 129
(h) Die nasionale doel - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 130
(i) Die materiële doel - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 130
(j) Die liggaamlike doel - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 130
4. Ander denkrigtings se doelstellings - - - - - - - - - - - - - 131
(a) Die Pragmatisme - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 131
(b) Die Idealisme - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 131
(c) Die Kommunisme - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 132
(d) Die hedendaagse Liberalisme - - - - - - - - - - - - - - - 132
(e) Die Eksistensialisme - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 133
5. Samevatting - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 133
HOOFSTUK IX NOODSAAKLIKHEID EN WAARDE VAN DIE OPVOEDING - - - - 135
1. Inleiding - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 135
2. Die mens is nie wat hy behoort te wees nie - - - - - - - - - - 136
3. Die mens soek na God - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 137
4. Die Goddelike opvoedingsopdrag aan die mens - - - - - - - - - 138
5. Eise wat aan die mens gestel word - - - - - - - - - - - - - - 139
(a) Kennis en nastrewing van waardes - - - - - - - - - - - - - 139

(b) Kultuureise - - - 139
(c) Die innerlike stryd tussen die natuurlike en die teen-natuurlike - - - 140
(d) Selfdissipline - - - 141
6. Die reg, voorreg en plig om op te voed - - - 141
7. Navolging van 'n lewensdoel - - - 142
8. Die liggaamlike opvoeding - - - 142
9. Samevatting - - - 143
HOOFSTUK X MOONTLIKHEID EN MAG VAN DIE OPVOEDING - - - 145
1. Inleiding - - - 145
2. Genadegawes - - - 146
3. Aanpasbaarheid, plastisiteit, „flexibiliteit" - - - 147
4. Die aanleg van die mens - - - 149
(a) Oorgeërfde en verwerfde eienskappe - - - 149
(b) Die mens se ewige vaderland - - - 150
(c) Die openheid van die mens - - - 151
(d) Toekomsgerigtheid - - - 152
5. Die beperkte mag van die opvoeding - - - 153
(a) Die probleem van almag en onmag - - - 153
(b) Die gawes deur die mens ontvang - - - 153
(c) Aanpasbaarheid - - - 154
(d) Aanleg - - - 154
(e) Die finale keuse - - - 154
6. Determinisme - - - 155
7. Opvoedkundige pessimisme - - - 156
8. Opvoedkundige optimisme - - - 156
9. Gevolgtrekking - - - 157
HOOFSTUK XI VRYHEID, GESAG, DISSIPLINE, TUG - - - 158
1. Inleiding - - - 158
2. Enkele Bybelse verwysings en afleidings daaruit - - - 158
(a) In verband met vrywillige gehoorsaamheid - - - 158
(b) In verband met die roeping en opdrag van die mens - - - 158
(c) In verband met tug - - - 159
(d) Afleidings uit hierdie en ander Bybelse verwysings - - - 159
3. Wette en norme as grense van die vryheid - - - 160
4. Harmonie tussen wording en handeling - - - 161
5. Die verlossingsgedagte en die vryheid van die mens - - - 163

6. Gesagshandhawing deur die mens - - - - - - - - - - - - - - - 166
(a) Die mens het behoefte aan gesag - - - - - - - - - - - - - 166
(b) Is gesagshandhawing deur mense nodig? - - - - - - - - - - 166
(c) Die verband tussen verantwoordelikheid en gesag - - - - 168
(d) Die gesagsdraer as boodskapper - - - - - - - - - - - - - - 168
(e) Strengheid, regverdigheid en objektiwiteit in die gesagshandhawing - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 169
7. Praktiese implikasies vir skoolse en voorskoolse opvoeding - 169
HOOFSTUK XII . DIE VERLOOP VAN DIE OPVOEDINGSGEBEURE - - - - - - 171
1. Inleiding - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 171
2. Opvoeding is nie bedoel om die opvoedeling te ,,maak" nie - - 172
3. Samevatting van die opvoedingshandelinge - - - - - - - - - - 173
(a) Wat God doen - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 173
(b) Wat die menslike opvoeder doen - - - - - - - - - - - - - - 174
(c) Wat die opvoedeling doen - - - - - - - - - - - - - - - - - 177
4. Die ,,vormende" waarde van die skoolvakke - - - - - - - - - - 179
5. Metodiek, tegniek en leermiddels - - - - - - - - - - - - - - - 179
6. Die ,,dialogiese" situasie - - - - - - - - - - - - - - - - - - 180
7. Spel en arbeid - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 181
8. Selfstandigheid - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 182
9. Die opvoedingsmilieu - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 183
10. Hulp aan die Opvoedkunde deur die Sielkunde verleen - - - - 183
(a) Die spontane ontwikkelingsdrang - - - - - - - - - - - - - - 184
(b) Rypheid - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 184
(c) Selfaktiwiteit - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 184
(d) Jeugtydperke - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 184
(e) Belangstelling - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 185
(f) Herhaling en konsolidering - - - - - - - - - - - - - - - - - 185
(g) Individualiteit en sosialiteit - - - - - - - - - - - - - - - 185
(h) Aanskouing - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 185
(i) Denke en insigtelike leer - - - - - - - - - - - - - - - - - 186
(j) Leerremminge en weerstande - - - - - - - - - - - - - - - - - 186
HOOFSTUK XIII DIE SIN VAN DIE OPVOEDING - - - - - - - - - - - - 187
1. Is opvoeding wel sinvol? - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 187
2. Kan finale antwoorde in verband met die sin van die opvoeding verstrek word? - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 187
3. Immanente en transendente bestaansin - - - - - - - - - - - - 188
4. Die Christelike mensbeeld - - - - - - - - - - - - - - - - - - 189
(a) Roeping van die mens - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 189

(b) Die eindbestemming van die mens - - - - - - - - - - - - - - - 189
(c) Geboorte van 'n kindjie - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 190
(d) Mensebestaan is geen noodlotsbestaan nie - - - - - - - - - 190
(e) Die verlossingsboodskap - - - - - - - - - - - - - - - - - - 190
(f) Dankbaarheid vir genade - - - - - - - - - - - - - - - - - - 190
5. Ontmoeting - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 191
(a) Wat met ontmoeting bedoel word - - - - - - - - - - - - - - 191
(b) Ontmoeting op vertikale en horisontale vlakke - - - - - - 191
(c) Herkoms, roeping en eindbestemming - - - - - - - - - - - - 191
(d) Ontmoeting is nie die aanleidende oorsaak van opvoeding nie - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 191
6. Steungewing - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 192
7. Nastrewing van die Godsbeeld - - - - - - - - - - - - - - - - - 193
8. Bekering - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 194
9. Die voortbestaan van die mens - - - - - - - - - - - - - - - - 195
<u>HOOFSTUK XIV</u> <u>DIE NASIONALE ASPEK VAN CHRISTELIK-NASIONALE ONDERWYS</u> - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 196
1. Inleiding - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 196
2. Die historiese perspektief - - - - - - - - - - - - - - - - - - 196
3. Die bevolkingsperspektief - - - - - - - - - - - - - - - - - - 198
4. Die taalperspektief - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 200
5. Die kulturele perspektief - - - - - - - - - - - - - - - - - - 202
6. Die tradisieperspektief - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 204
7. Die sosiale perspektief - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 206
8. Die bodemperspektief - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 206

<u>DEEL II</u> <u>IMPLEMENTERING VAN CHRISTELIK-NASIONALE ONDERWYSBEGINSELS IN DIE BESTAANDE ONDERWYSSTRUKTUUR IN SUID-AFRIKA</u> - - - - - - - - 208

<u>HOOFSTUK XV</u> <u>DIE HUIDIGE TOESTAND IN DIE ONDERWYS AS GEVOLG VAN WETGEWING</u> - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 208
1. Inleiding - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 208
2. Voorgeskiedenis tot ongeveer 1880 - - - - - - - - - - - - - - 210
(a) Toestande in Europa ongeveer 1652 - - - - - - - - - - - - 210
(b) Onderwyswetgewing in Suid-Afrika tot 1795 - - - - - - - - 212
(i) Die Ordonnansie van Goewerneur De Chavonnes, 1714 - 212
(ii) Die Memorie van Sperrlin, 1780 - - - - - - - - - - - 213
(c) Die Memorie en Skoolorder van De mist, 1804 - - - - - - - 214

(d) Die Britse wetgewing van voor die Groot Trek - - - - - - - 216
(i) Die anglisasiebeleid - - - - - - - - - - - - - - - - - - 216
(ii) Staatsbeheer - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 217
(iii) Finansiële steun as wapen om die angliseringsbeleid af te dwing - - - - - - - - - - - - - - - - 217
(e) Die Groot Trek en die eerste jare van die Boererepublieke 218
(f) Die Burgerswet - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 219
3. Die Du Toit-Mansveldt-periode - - - - - - - - - - - - - - - - 220
(a) S.J. du Toit se beswaar teen die Kaapse onderwys - - - - 220
(b) Die Onderwyswet van die Zuid Afrikaanse Republiek van 1882 - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 223
(c) Die Mansveldt-periode, 1891-1900 - - - - - - - - - - - - 224
4. Die tradisioneel Engelse opvattinge versprei na Transvaal en later ook na die Oranje Vrystaat - - - - - - - - - - - - - - 224
5. Die Smutswet, Wet 25/1907 - - - - - - - - - - - - - - - - - - 228
6. Nasionale wetgewing 1909-1966 - - - - - - - - - - - - - - - - 233
(a) Die Suid-Afrikawet 1909 - - - - - - - - - - - - - - - - - 233
(b) Die Hertzogwet 1925 - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 234
(c) Die Nasionale Adviserende Onderwysraad - - - - - - - - - 235
7. Die provinsiale onderwysordonnansies en ook dié van Suidwes-Afrika - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 235
(a) Inleiding - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 235
(b) Uittreksels uit die onderwysordonnansies - - - - - - - - - 235
(i) Die Onderwysordonnansie van Transvaal - - - - - - - - 235
(ii) Die Onderwysordonnansie van die Kaap die Goeie Hoop - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 236
(iii) Die Onderwysordonnansie van Natal - - - - - - - - - 237
(iv) Die Onderwysordonnansie van die Oranje Vrystaat - 238
(v) Die Onderwyswet van Suidwes-Afrika - - - - - - - - - 239
(c) Kommentaar op die onderwysordonnansies - - - - - - - - - 239
(i) Die bepalings in verband met 'n bepaalde leer of dogma - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 239
(ii) Opening met Skriflesing en gebed - - - - - - - - - 239
(iii) Die rol van kerkleiers in die Godsdiensonderrig - 240
(iv) Godsdiensonderrig geen eksamenvak - - - - - - - - - 240
(v) Die tyd bestee aan Godsdiensonderrig - - - - - - - - 241
(vi) Gevolgtrekkings - - - - - - - - - - - - - - - - - - 241

8. Die wet op Nasionale Onderwysbeleid, Wet 39/67, soos gewysig deur die Wysigingswet op Nasionale Onderwysbeleid, Wet 73/69 — 242
9. Goewermentskennisgewing R. 2029 van 12 Nov. 1971 — 243

HOOFSTUK XVI DIE HUIDIGE TOESTAND IN DIE ONDERWYS IN SUID-AFRIKA — ONDERSOEK VAN DIE PRAKTYK — 246
1. Die doel van hierdie ondersoek — 246
2. Beplanning van die ondersoek van toestande in Afrikaansmediumskole — 247
   (a) Inhoud van die vraelys — 247
   (b) Aan wie die vraelys voorgelê is — 250
   (c) Beplanning van kontrole — 251
3. Die vraelys wat voorgelê is — 253
4. Verdere verduidelikings by die invul van die vraelys — 253
5. Gegewens ingesamel deur middel van die vraelys — 254
6. Gevolgtrekkings — 263
7. Christelik-nasionale onderwys en die Engelsmediumskole — 267
8. Christelik-nasionale onderwys en nie-Christenleerlinge in skole vir blanke leerlinge — 270
9. Slotsom — 272
BYLAE BY HOOFSTUK XVI — 275

HOOFSTUK XVII AANBEVELINGS VIR VERDERE IMPLEMENTERING VAN CHRISTELIK-NASIONALE ONDERWYSBEGINSELS IN SUID-AFRIKA — 277
1. Inleiding — 277
   (a) Aard van die aanbevelings — 277
   (b) Christelik-nasionale onderwys 'n saak van die hart — 277
   (c) Voorneme om Christelik-nasionale onderwys te implementeer — 278
   (d) Verskillende interpretasies van Christelik-nasionale onderwys — 278
   (e) Die „opvoedingskrisis" — 278
   (f) Vertrek- en eindpunt — 279
   (g) Die Christelik-nasionale onderwysdoel — 279
   (h) Antwoorde op opvoedkundige vrae — 279
2. Implementering deur onderwysers, inspekteurs van onderwys, adviseurs en direkteurs van onderwys — 280

3. Differensiasie volgens geloofsoortuiging - - - - - - - - - - - 284
4. Integrasie van Bybelse en sekulêre kennis - - - - - - - - - - 288
5. Verbinding van die Christelike en nasionale aspekte van die onderwys - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 291
6. Beheer oor onderwys - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 292
7. Onderwysersopleiding - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 292
8. Verdere studie in verband met Christelik-nasionale onderwys 293
9. Kurrikulum en sillabus - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 294
10. Samewerking tussen huis, skool, kerk en onderwysowerhede - - 295
11. Skole vir nieblanke leerlinge - - - - - - - - - - - - - - - 296
12. Verweer teen nie-Christelike opvattinge - - - - - - - - - - 296
13. Slotopmerkings - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 297

BRONNELYS - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 299
I. Algemeen - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - 299
II. Teologiese werke geraadpleeg vir Skrifverklaring - - - - 309

ENKELE OPMERKINGS VOORAF

1. Wyle Dr. C.J. Mans van Krugersdorp het eenmaal in 'n preek die houding van Gemaliël ontleed. Daarin het hy aangetoon hoe Gemaliël as die verpersoonliking van die vedraagsaamheid beskou moet word. Daarmee word bedoel dat 'n mens maar net soveel as moontlik moet verdra, alles op die skouers van God moet afskuif en sake maar hulle eie loop moet laat neem. Verder is hierdie houding skerp gekritiseer. Die Christen mag nie verdraagsaam wees teenoor enigiets wat nie met die Bybel strook nie!

Sulke preke word dikwels gehoor. Die kerkganger wat dit ter harte neem, word aangevuur om gedurig die saak van Christus en sy kerk te bepleit. Hy voer bewus en onbewus sy sendingopdrag na die beste van sy vermoë uit, ook in sy wetenskapsbeoefening.

In hierdie werkstuk was dit vir die skrywer as Christenboodskapper dikwels nie moontlik om anders as 'n pleitbesorger vir die Christelike leer te wees nie. Na baie jare van studie is hy oortuig daarvan dat die Calvinistiese vertolking van die Bybel die hoogste vorm van suiwerheid in die Christelike leer is. Daarin word erken dat God ook die God van die wetenskap is. Dan is die inhoud van die Bybel juis die suiwerste wetenskaplike kennis en die begronding van alle wetenskap wat nie in die Bybel aangeteken is nie.

Indien enige leser van hierdie proefskrif hierdie houding as onwetenskaplik beskou, wil die skrywer net sê dat dit vir hom onmoontlik is om enige ander standpunt in te neem. Daarom is besondere moeite gedoen om in hoofstuk IV oor wetenskap, godsdiens en geloof te skryf. Daarin word verdere motivering vir die skrywer se houding gevind.

Preke soos die genoemde verryk ook die teologiese kennis van die hoorders. Die skrywer hiervan het in hierdie werkstuk by talle geleenthede gevind dat hy opmerkings van teologiese aard gemaak het en dan geen outoriteit daarvoor kan aanwys nie. By verdere nadenke kon hy hom herinner dat hy daardie dinge in preke gehoor het, meesal by verskeie geleenthede. Sommige stellings is ook so algemeen bekend vir die gereelde kerkganger dat hy nie na outoriteit vra nie. Tydens die voorbereiding vir die aflê van die geloofsbelydenis word die jong lidmate juis deeglik onderrig in hierdie sake. Waar Bybeltekse wel gebruik is as bewysgronde is nietemin moeite gedoen om gesaghebbende Skrifverklarings te raadpleeg.

In die bronnelys word 'n aansienlike aantal sodanige werke aangegee.

2. Wie daagliks krities na radionuusberigte luister en koerante lees, bou met die loop van jare 'n duidelike beeld op van die toestande oor die hele aardbol. Dit is waar dat so baie nuusberigte eensydig en pro= pagandisties van aard is, maar die persoon wat reeds jare lank al bekend is met die ideologiese stryd op internasionale vlak, is wel in staat om in baie gevalle die waarheid te onderskei. So het skrywer hiervan soms gebruik gemaak van gegewens wat uit nuusberigte geput is, maar dan slegs van gevalle waar daar nie getwyfel kan word aan die betroubaarheid van die gegewens nie. Hierdie kennis is nie in gewone studiebronne aangeteken nie en dis onprakties om letterlik tientalle verwysings na nuusberigte vir 'n enkele bewering te gee. Skrywer hiervan neem aan dat die leser wel so goed op hoogte van sake is dat verwysings onnodig is. Die hoof= stuk oor die nasionale aspek van Christelik-nasionale onderwys bevat 'n groot hoeveelheid gegewens wat aldus versamel en verwerk is.

3. Deel I van hierdie werk moet beskou word as die blote grondslag van die Christelik-nasionale Opvoedkunde. Indien elke tema deeglik ondersoek en volledig beskryf wil word, sal dié werkstuk uit minstens 'n dosyn boekdele bestaan. Dit sal bv. moontlik wees om drie lywige boekdele te skryf oor die drie grondbeelde genoem in hoofstuk VI. Die doel van deel I is egter om slegs 'n elementêre beeld van die Christelik-nasionale Opvoedkunde te verstrek, sodat daar vasgestel kan word in welke mate Christelik-nasionale onderwysbeginsels reeds in Suid-Afrika geïmplemen= teer is en wat nog gedoen moet word ten einde aan die vereistes van wette 39/67 en 73/69 te voldoen. In hoofstuk XVII word aanbevelings vir die verdere implementering van Christelik-nasionale onderwysbeginsels gedoen. Daarin sal dit duidelik word waarom juis sekere temas in deel I beskryf is en ander nie. Elke sin in deel I is so gekies dat dit van belang is vir Christelik-nasionale onderwys en die volledige implemen= tering daarvan.